Ontmoeting 5

Tomas wonder hoe om te glo sonder om te sien

Kinders besef dat dit okay is om soms te wonder, maar Jesus wil hê ons moet op Hom vertrou

Teks: Johannes 20:19–31
Hulpmiddels:

- Kaartjies van die dissipels en van Jesus
- 'n Boksie wat as 'n tafel in die sandboks gebruik kan word
- 'n Stukkie karton waarop 'n deur geteken is vir die sandboks
- Sandboks
- Opsioneel: 'n Bladsy met die woorde "Ek glo dit" en een met die woorde "Ek glo dit nie"
- Roomysstokkies
- Gom
- Inkleurkryte
- Genoeg kopieë van die handjies op karton
- Skêre
- Toiletrolletjies, foelie
- Reël munte vir volgende week indien julle Judas volgende week behandel

Welkom

Glo dit of nie: (Hierdie speletjie werk met 'n groot of klein groep en benodig geen voorbereiding nie.)
Het iemand al vir jou 'n storie vertel, maar jy het getwyfel of dit waar is? Byvoorbeeld: Iemand het gesê dat hulle 'n vis gevang het en dat die vis SO (wys met jou arms ver uit mekaar gestrek) groot was. Dalk sou jy dit geglo het as jy 'n foto gesien het, maar sonder bewyse is dit moeilik om dié storie te glo.
Vandag gaan ons 'n speletjie speel met die naam "Glo dit of nie". Ek gaan verskillende stellings maak en as julle glo dat dit waar is, moet julle in daardie hoek (wys na 'n hoek in die lokaal) gaan staan. Dit is die "Ek glo dit!"– hoek. As jy die stelling nie glo nie, moet julle in daardie hoek (wys na die teenoorgestelde hoek) gaan staan. Dit is die "Ek glo dit nie!"– hoek. Is julle reg? Hier gaan ons.
(Indien jy wil, kan jy op 'n bladsy die woorde: "Ek glo dit!" en "Ek glo dit nie!" uitdruk en by die verskillende hoeke vertoon.) Gee die groep na elke stelling die geleentheid om te kies na watter hoek hulle wil gaan. As almal gekies het, deel met die groep of daardie stelling waar is of nie en laat hulle dan weer na die middel van die lokaal kom vir die volgende stelling.

- Glo jy dat pikkewyne tandepasta van 2 km ver af kan ruik? Glo julle dit of nie? Dit is vals.
- Glo jy dat in Tokio, Japan, dit vinniger is om met 'n fiets as met 'n kar te ry wanneer jy kort afstande moet ry? Glo julle dit of nie? Dit is waar.
- Glo jy dat die sebra die vinnigste dier op die aarde is? Glo julle dit of nie? Dit is vals.
- Glo jy dat olifante met hulle slurpe eet? Glo julle dit of nie? Dit is waar.
- Glo jy dat vlermuise die enigste soogdiere is wat kan vlieg? Glo julle dit of nie? Dit is waar.

Soms is dit moeilik om dinge te glo wat ons nie kan sien nie of dalk is dit moeilik om 'n storie te glo a.g.v. wie dit vir ons vertel het. As iemand wat betroubaar is dit vir ons vertel, glo ons dit maklik, maar soms kort ons 'n bietjie meer oortuiging. In vandag se verhaal gaan ons sien hoe Tomas gesukkel het om te glo sonder om te sien.

Wyding

Stilword-ritueel: Ons kom nou in die teenwoordigheid van God. Sit met jou rug teen die stoel se agterkant. Sit jou voete plat op die vloer. Voel die vloer. Laat jou hande rustig in jou skoot of op jou knieë rus. Maak jou oë toe. Luister na die klanke buite. (15s) Luister na die klanke in die vertrek. (15s) Luister na jou asemhaling. "Dankie, Here, vir asem. Amen."

Woord

Gebruik die dialoog en die dissipel- en Jesus-kaartjies om die verhaal in 'n sandboks uit te beeld. Andersins kan die dialoog gebruik word vir 'n toneelspel om die verhaal uit te beeld.
Al die dissipels, behalwe Tomas, sit om 'n tafel en gesels.
Dissipel 1: Haai julle, is julle seker die deure is gesluit? Ons wil nie hê dat die Jode moet inkom nie.
Dissipel 2: Ja, ek het seker gemaak dat die deure gesluit is. Maar ek dink nou net, wat daarvan as Tomas wil inkom, want ek sien dat hy nie hier is nie?
Dissipel 3: Ag nee wat, ek dink nie Tomas gaan vanaand kom nie. Dis in elk geval al donker en niemand weet waar hy deesdae is nie.
Jesus verskyn uit die bloute in die kamer en praat met die dissipels.
Jesus: Vrede vir julle!
Die dissipels skrik groot en val byna om.
Dissipel 2: Wat! Ek dog ek het die deur gesluit. Hoe het U ingekom, Jesus?
Jesus: Ek het gekom om vir julle te wys dat Ek lewe! Kyk, hier is die wonde aan my hande. Maar nog meer as dit, Ek het gekom om julle uit te stuur om my werk van liefde op aarde voort te sit. Dis nou julle werk om vir almal te gaan vertel wie Ek is en wat Ek doen.
Dissipels 3: Jesus, ons is so bly dat U lewe, want dit beteken U het werklik gekom om ons sondes te vergewe. Maar ek dink nie dat ons reg is om u werk voort te sit nie. Dis darem 'n baie groot verantwoordelikheid.
Jesus: Dit is ja, maar julle hoef nie bekommerd te wees nie. Ek het julle al van die begin af geleer hoe om dit te doen. Ek gaan nou oor julle blaas en daarmee gaan julle die Heilige Gees ontvang. Die Heilige Gees sal altyd by julle wees om julle te help hoe en waar julle vir ander mense van My en my liefde moet gaan vertel.
Jesus blaas dan oor die dissipels.
Dissipel 4: Baie dankie, Jesus. Gaan U nog 'n bietjie by ons kuier?
Jesus: Ek het nie gekom om te bly nie, maar net om julle moed in te praat. *Jesus verdwyn dan weer.*
Dissipel 2: Sjoe! Kan julle glo wat nou net gebeur het? Waar is Tomas? Hy sal dit beslis nie glo nie! As ons hom weer sien, moet ons vir hom hierdie storie vertel.

Verduidelik aan die groep dat die Bybel nie presies vir ons sê wanneer die dissipels vir Tomas gesien het nie, maar net dat dit op 'n later stadium was.

Tomas kom by die dissipels aan.
Al die dissipels gelyk: Tomas! Ons het die Here gesien!
Tomas: Wat?! Nee wat. Nou maak julle stories op. As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.
Dis ag dae later – al die dissipels, sowel as Tomas, sit om die tafel en gesels met mekaar.
Dissipel 1: Ek wil nou nie snaaks wees nie, maar is julle seker die deur is dié keer gesluit? Julle weet wat laas gebeur het.

Dissipel 2: Dit is gesluit, ja! Tog is dit nie asof dit laas keer saak gemaak het nie, want julle weet mos dat Jesus nie deur die deur gekom het nie.
Tomas: Gaan julle nou aanhou met die storie dat Jesus terug is by ons? *Ewe skielik, voor Tomas se woorde klaar is, verskyn Jesus tussen hulle.*
Jesus: Vrede vir julle!
Tomas skrik homself asvaal.
Jesus: Tomas, bring jou vinger hier, en kyk na my hande en bring jou hand en steek hom in my sy en moenie langer wonder nie, want Ek het uit die dood opgestaan. Dit kan jy glo.
Tomas: My Here en my God! U leef!
Jesus: Glo jy nou omdat jy my sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het dat ek werklik uit die graf opgestaan het nie en tog glo dat ek lewe.
Dissipel 1: Glo jy ons nou, Tomas?
Tomas: Hoe kan ek nie glo nie?! Ek het dan nou gesien.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoekom het Tomas nie die dissipels geglo dat Jesus werklik uit die graf opgestaan het nie.
2. Ek wonder hoe Jesus gevoel het toe Tomas Hom nie glo nie.
3. Ek wonder hoe jy weet dat Jesus uit die graf opgestaan het, sonder om dit met jou eie oë te kon sien.
4. Ek wonder wat jy doen wanneer jy wonder.
5. Ek wonder hoe Tomas gevoel het toe Hy Jesus se wonde gesien het.

Werskaf

- Handjieboekmerke: Deel vir elke groepslid 'n kopie van die handjie en 'n roomysstokkie uit. Laat hulle dit versier en die handjie uitknip. Knip 'n gaatjie in die middel van die handjie op die lyntjies. Hierdie gaatjie herinner ons aan Jesus se wonde. Plak die handjie aan die bo-punt van die roomysstokkie. Gebruik hierdie stokkie as 'n boekmerkie in jou Bybel om jou te herinner dat Jesus uit die dood opgestaan het en weer lewe. Al het ons dit nie met ons eie oë gesien nie, weet ons dit is waar, want ons lees daarvan in die Bybel.
- Gebruik nou jou stokkie om die Bybel te lees deur na die bladsy te kyk deur die gaatjie in die hand.
- Maak 'n verkyker met toiletrolletjies en plak die voorkant toe met foelie.

Sluit af met die seënbede